**aa vir aap:**

**Instruksies/voorstelle vir saam met die video en liedjie.**

**Visuele leer met kinestetiese leer bygevoeg vir groter effektiwiteit:**

- Die leerders moet raai watter klankie dit is. As hul die aa-prente sien aan die begin van die video en herken dat dit met |aa| begin, moet hulle die aksie doen wat die video wys.
- Leerders moet met hul oë die beweging van die aap van links na regs volg terwyl hul met hul arms reguit voor hul lyf met hande teenmekaar die beweging van links na regs doen.
- Elke keer wanneer die leerders die skyfie sien van die |aa| tydens die liedjie, vorm hul die letter |aa| groot motories, deur met hande teenmekaar vooraan hul lyfies die |aa| in die lug te skryf.
- Aan die einde van die video wanneer die korrekte vorming van die |aa| gewys word, kan die leerders die vorming van die |aa| in die lug oefen met hul wysvingers.

Kopiereg © 2025 PRETLETTERS met musiek
ALLE REGTE VOORBEHOU
SAMPLE / VOORBEELD

**<u>Ouditiewe leer met kinestetiese leer bygevoeg vir groter effektiwiteit:</u>**

- Elke keer wanneer die leerders "gaap, gaap" hoor, kan hul 'n gaapbeweging uitvoer deur met hul hand voor mond te demonstreer, dat hul gaap.

**<u>Nog aktiwiteite</u>**

- Wanneer leerders in die klas inkom kan hul die woord "g-aa-p" aftree van links na regs, deur langs elke klank wat op karton op die vloer geplak is te tree of te spring (asook die woord hardop te spel g-aa-p), en dan die gaapbeweging uitvoer.
- Lees die woorde en sinne aan die einde van die video.
- Leerders doen die aktiwiteitsblad met die leesstuk.
- Leerders lees die "Zig-Zag" leesboekie.

<u>Die letter/klank kaart van die |aa| word voor teen die bord van die klas opgesit en die onderwyseres kan gereeld die letter se vorming met die leerders oefen (met hande teenmekaar vooraan lyf, of met wysvinger in die lug).</u>

Kopiereg © 2025 PRETLETTERS met musiek
ALLE REGTE VOORBEHOU
SAMPLE / VOORBEELD

Kopiereg © 2025 PRETLETTERS met musiek
ALLE REGTE VOORBEHOU
SAMPLE / VOORBEELD